BAIE WELKOM BY SUIDER-PAARL GEMEENTE

15 NOVEMBER 2026
SUIDER-PAARL

08:00 & 09:30 André Kilian
09:30 SPKIDZ
18:00 Collide/Aanddiens
Vicus Kruger

KLAPMUTS
BELYDENISAFLEGGING

09:00 Ferreira Marais


22 NOVEMBER 2026
SUIDER-PAARL

08:00 & 09:30 Theo Hay
09:30 SPKIDZ
18:00 Collide/Aanddiens
Vicus Kruger

KLAPMUTS

09:00 Carel van Wyk

DANKBAARHEIDSMAAND



Dankbaar vir elke seën!

Oktober is ons gemeente se dankbaarheidsmaand,
'n tyd waarin ons stilstaan by die Here se goedheid en voorsiening.
Ons spesiale dankbaarheidsoffer, vroeër bekend
as die Tiende Maandoffer,
is 'n geleentheid om bo en behalwe ons maandelikse dankoffers
'n bydrae uit dankbaarheid te gee.
Hierdie bydraes word vir gemeentewerk aangewend.
Vanjaar is ons mikpunt R1,8 miljoen.
Ons barometer wys hoe die insameling vorder.
Dink gerus aan al ons seëninge, en as jy so gelei word, vra ons dat jy 'n bydrae sal maak.

Dankie vir elke bydrae.
Saam gee ons met dankbare harte!

SPKIDZ

Gr 1: Wurmpies en mossies. As God omgee vir mossies en wurmpies, hoeveel te meer vir ons!
Gr 2: Die gelykenis van die verlore seun.
Gr 3: Uit Saggeus se verhaal leer ons dat God ons raaksien.
Gr 4: Ons speel saam met ons ouers stomstreke.
Gr 5: Ons weet verseker Jesus kom weer.
Gr 6: Watter voetspore laat jy agter?

VERJAARSDAE

15/11 Karien de Villiers
Dave North
Herbert Smith

16/11 Wilhelm Basson
Franco Cronjé
Villie de Kock
Roux du Plessis
Victor Engelbrecht
Leah Koegelenberg
Johannes Louw
Rico Rabie
Anneline Scott
André van Rooyen
JW van Zyl

17/11 Barbara Botes
Heinrich Gabler
Lana Hay
Ian le Roux
Hendrik Lubbe
Pierre Marais
Charles vd Lingen
Jane van Heerden
Pieter Wolmarans

18/11 Lilani Engelbrecht
Derius Erasmus
Demri Goliath
Liam Lombaard
Wiehan Steenkamp
Juleen van Papendorp

19/11 Kaiden Cloete
Bailey Cronjé
Christoff Fourie
Suzél Gerber
Andor Hanekom
Pieter Henning
Natasha Obermeyer
Retha Roodman
HW Strauss

20/11 Jean du Toit
Chantal Erasmus
Nicol Ferreira
Fielies Fredericks
Herman Janse v Rensburg
Luan Knörr
Fritz Potgieter
Pat Theron
Louis van Niekerk

21/11 Niconeth Ackermann
Elzette Cilliers
Gizelle Lambrechts
Gizelle le Roux
Johann Spötta
Gunter vd Westhuizen

Veels geluk!



SOS-SOPKOMBUIS

GESKENKPAKKIES

SOS se sopkombuis gee deur die jaar kos vir mense van die gemeenskap en bou só 'n mooi verhouding met hulle.
Ons droom is dat elkeen vir Jesus deur die liefde en versorging sal leer ken!
Hierdie Kersfees wil ons die boodskap dat ons Jesus se koms wil vier, ook vir hulle kom wys deur 'n geskenkpakkie vir elkeen te gee.
Ons wil ons gemeente die geleentheid gee om te help.
Ons benodig ongeveer 80 pakkies, wat elkeen omtrent R100 werd is.
Dit bestaan uit die volgende items:
Seep, waslappie, tandeborsel en -pasta, lyfroom, deodorant en ietsie soets.
Hoe kan jy help?
Dalk deur 'n pakkie of twee te borg, of van die items by die kerkkantoor te kom afgee. Ons wil dit graag teen 6 Desember in die kerkkantoor hê sodat ons dit op 10 November vir die mense kan uitdeel. Dankie dat jy deel is van ons gemeente se uitreik na die gemeenskap.

KERSSANGDIENS



KERSSANGDIENS-GESELLIGHEID

Ons het weer `n heerlike saamkuiergeleentheid na afloop van ons kerssangdienste. Ons tema is stylvol-elegant.
Ons bied graag die geleentheid om mekaar te bedien met ons beste tuisgebak of fynproehappies, *soet of sout*.
Voltooi asb die google-vorm
(die skakel is op die WhatsApp-groep) of die lyste voor in die kerk met jou eetgoeddonasie.

NUWE LIDMAATFUNKSIE - 2026

November 2026 se nuwe lidmaatfunksie was, soos al die ander, 'n groot sukses en 'n baie lekker kuieraand saam met al ons nuwe lidmate. Almal het lekker gelag, gesels en sommer net ontspan so in die middel van die week. 'n Yslike dankie aan Louis en Lana Louw vir hulle lieflike fasiliteite en vir Lana vir haar heerlike kos en keurig gedekte tafels. Volgende jaar maak ons weer so en kry 'n nuwe groep lidmate kans om saam te kuier.







VAKATURE: SUIDER-PAARL GEMEENTE

SUIDER-PAARL GEMEENTE: VAKATURE ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Suider-Paarl Gemeente het tans ‘n vakature vir ‘n geskikte persoon om as Administratiewe Beampte in die kerkkantoor op te tree.

Dit is ’n voldagpos: Weeksdae 08:00 - 16:00.

POSBESKRYWING

Die geskikte persoon sal ‘n integrale rol speel in die dag-tot-dag werksaamhede van die gemeente met spesifieke fokus op die administratiewe en finansiële aspekte. Die persoon rapporteer aan die Gemeenteraad en werk ten nouste saam met die Voorsitter van die Finansiële Kommissie, die bedieningspan en ander werknemers en belangegroepe. Die geskikte kandidaat moet naatloos inskakel by ons visie en waardes.

KWARTAAL 4 - DATUMS

23 November - Gemeenteraadvergadering
25 November - Legendes Kersete (11:30)
27-29 November - Gebedsnaweek
29 November - Kerssangdienste
4 Desember - Klapmuts Jeug Afsluiting
9 Desember - Skole sluit

WEEKLIKSE GEBEURE GEDURENDE DIE KWARTAAL

DINSDAE OM 19:00
“Sitkamer” (Jong volwassenes)

WOENSDAE OM 05:30
Vrouegroep in losie

WOENSDAE OM 10:00
Bybelskool

DONDERDAE OM 09:30
Breigroep in moederskamer

VRYDAE OM 05:30
Mannegroep in losie

SONDAE OM 09:00
Gebedsgroep in gebedskamer

KOFFIEKUIERS
1x per kwartaal

LIDMAATSKAP

* Wil jy aansluit as lidmaat?

*Twyfel jy of jou lidmaatskap al oorgedra is?

*Ontvang jy die weeklikse boodskappe?

* Is jy op een van die SP whatsappgroepe?

*Stel jy belang om op een van die SPKIDZ-groepe te wees?

Vir enige navrae kontak asb. die kerkkantoor.
Telefoonnr: 021 863 2700
E-pos: info@suiderpaarl.co.za

NG GEMEENTE SUIDER-PAARL, COURTRAI PAARL, 7646
TELNO: 021 863 2700
E-POS: info@suiderpaarl.co.za/www.suiderpaarl.co.za
LERAARS: André Kilian/ Danie Malan (Seniors)
Ferreira Marais/ Theo Hay/ Vicus Kruger (Jeug)

MANIERE OM ‘n DANKOFFER TE GEE

Elektroniese betaling: NG Gemeente Suider Paarl
ABSA Tak: 632005
Tjekno: 740 580 132
Per debietorder: (Reël met kerkkantoor)
Via snapscan